kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Nie uit die wêreld weggeneem nie, maar van die Bose bewaar?"

Skriflesing: Johannes 17:6-19

6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die
wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle
aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.
7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.
8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle
gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van
U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.
9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die
wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.
10 En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en
Ek is in hulle verheerlik.
11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die
wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u
Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net
soos Ons.
12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u
Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak;
en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun
van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.
13 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in
die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan
hê.
14 Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat,
omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die
wêreld is nie.
15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar
dat U hulle van die Bose bewaar.
16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die
wêreld is nie.
17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.
18 Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in
die wêreld gestuur.
19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid
geheilig kan wees.

Broodjies vir die pad

Thomas Aquinas (1225–1274)

Lost, All in Wonder

Godhead here in hiding, whom I do adore,
Masked by these bare shadows, shape and nothing more,
See, Lord, at thy service low lies here a heart
Lost, all lost in wonder at the God thou art.

Seeing, touching, tasting are in thee deceived:
How says trusty hearing? that shall be believed;
What God's Son has told me, take for truth I do;
Truth himself speaks truly or there's nothing true.

On the cross thy godhead made no sign to men,
Here thy very manhood steals from human ken:
Both are my confession, both are my belief,
And I pray the prayer of the dying thief.

I am not like Thomas, wounds I cannot see,
But can plainly call thee Lord and God as he;
Let me to a deeper faith daily nearer move,
Daily make me harder hope and dearer love.

O thou our reminder of Christ crucified,
Living Bread, the life of us for whom he died,
Lend this life to me then: feed and feast my mind,
There be thou the sweetness man was meant to find.

Bring the tender tale true of the Pelican;
Bathe me, Jesu Lord, in what thy bosom ran —
Blood whereof a single drop has power to win
All the world forgiveness of its world of sin.

Jesu, whom I look at shrouded here below,
I beseech thee send me what I thirst for so,
Some day to gaze on thee face to face in light
And be blest forever with thy glory's sight.

Taken from Jay Hopler and Kimberly Johnson, editors, *Before the Door of God; An Anthology of Devotional Poetry* (New Haven: Yale University Press, 2013), 425pp.

http://www.journeywithjesus.net/poetry/current-poem?id=139

◆◆◆

Michel de Certeau, (1925-1986) was trained and ordained as a Jesuit and had an intellect that ranged over many contemporary questions. In the middle of his publishing career, 1971, he wrote an enduring essay, "How is Christianity Thinkable Today?" He ponders the situation raised in the appointed readings and gospel for this last Sunday in Eastertide, the situation of those of us who know Christ after his departure from human encounter in the flesh.

These excerpts from de Certeau's essay, which are taken from *The Postmodern God*, (pp 135-158), consider the "disappearance" of Christ, which makes room" for a new "presence:"

> "However it is taken, Christianity implies a relationship to the event which inaugurated it: Jesus Christ." Which has "…two contradictory characteristics: the will to be faithful to the inaugural event: the necessity of being different from these beginnings."(p.142) "Whatever types of transmission or of reading of the 'original' exist, they never repeat the Gospel." "(This fidelity is not a repetition or an objective survival of a past.) Each explication postulates the reference to a past event that makes other expressions possible."(p.143) "But this fidelity itself is not of an objective kind. It is linked with the absence of the object or of the particular past which inaugurated it. The past is not our security. Beside the first statement of this fidelity (possible only after the disappearance of Jesus) is the Scripture, supposing its own conditions, the death of the 'Son of Man.' The Christian language begins with the disappearance of its 'author.' That is to say Jesus effaces himself to give faithful witness to the father who authorizes him, and to 'give rise' to different but faithful communities, which he makes possible." "The process of the death (the absence) and the survival (the presence) of Jesus continues in each Christian experience."(p.145) "Christianity is still capable of opening a new space… discovering a living

necessity (linked to the disappearance of an objective security because this truth has the form of a creative, risked freedom…)"(p.147) "For Jesus to die, [and be removed from human time and place] is to 'make room' for the Father and at the same time 'make room' for the polyglot and creative community of Pentecost, for the plurality of Scriptures, for the multiplicity of the future Christian generations."(p.150)

http://www.sacraconversazione.org/?p=189

◆◆◆

Die onheil wat skuil in denke van 'ons' en 'hulle'

Wilhelm Jordaan

Met vreemdelinghaat en hernieude polarisasie tussen swart, bruin en wit in ons midde het verskeie kommentators die laaste tyd verwys na die onheil wat in "ons-hulle"-denke skuil.

Dit is so solank ons egter onthou dat die kategorisering van mense as "ons" en "hulle" 'n eeue, natuurlike proses is. Mense bevestig só hul eiesoortigheid; dit wat hulle met ander soortgelykes gemeen het.

Daarom, byvoorbeeld, is Duitsers 'n geval van "ons" in teenstelling met Engelse en Franse wat dan "hulle"is. En Engelse en Franse is 'n geval van "ons" in teenstelling met Duitsers wat dan "hulle" is. Enso(duiselingwekkend)voort in baie soorte permutasies en kombinasies van "ons" en "hulle".

Die probleem is nie dat mense hul eiesoortigheid só afmerk nie. Die probleem kom wanneer eiesoortigheid verheilig word en daar as't ware 'n grens om "ons" getrek word wat alle ander (die "hulle") uitsluit.

Die resultaat is kuddedenke waarin "ons" mekaar begin warm broei oor werklike en vermeende onregte en alles doen om "ons" te bevoordeel ten koste van "hulle", veral wanneer dit gaan oor die verdeling van skaars

dinge. Volgens die vraag: Wie kry wat, wanneer en hoeveel – hetsy welvaart, grond, taalregte, magsposisies.

Juis omdat kuddedenke soos 'n dief in die nag kom moet 'n mens bedag wees op die simptome:

Vir eers ontstaan daar in die "ons"- groep 'n simplistiese diskoers wat die oorsake vir alle ellendes herlei tot "hulle", wat dan die sondebokke word. Só word vreemdelinge beskou as indringers wat die brood uit "ons" monde neem. Dan sneuwel die werklike feite, asook waardes wat gemoeid is met respek vir lewe en eiendom.

In die "ons"-groep skep dié soort diskoers die vals idee dat die groep die morele hoë grond beklee en daarom onaantasbaar is. En ook nie aanspreeklik vir wat gebeur nie. Vandaar die selfregverdigende uitlatings soos: "Ons kan nie anders nie. Hulle maak daarna."

Om die morele hoë grond te behou, verlaat die "ons"-groep hom op gemaklike stereotipering van die "hulle". Soos om te sê: "Dis mos maar hoe die swart mense is", of: "Aan die wit mense is daar nie salf te smeer nie."

Selfkritiek wat maak dat 'n mens gewillig is om nuwe feite en veranderde omstandighede in ag te neem, word in die "ons"-geledere doodgesmoor of as 'n soort verraad beskou.

Kuddedenke skep 'n soort maatskaplike patologie waarin "ons" en "hulle" mekaar beveg, toesnou, verdag maak, uitoorlê en as mindere mense ag.

Daaruit is geen maatskaplike kohesie te haal nie; geen uitgebreide en verrykte ons wat mekaar se eiesoortigheid bevestig en mekaar se andersheid hoog ag nie. As dit is soos ons al kuddedenkend geword het, is ons samelewing niks anders nie as 'n skip vol dwase op pad na die nêrens van 'n narreparadys in Narragonia.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-05-13-wilhelm-jordaan-die-onheil-wat-skuil-in-denke-van-ons-en-hulle

Brood vir die pad

Om oortuig te wees van wat ons nie sien nie?

Dirkie Smit

Hoop is tog 'n vreemde ding? Neem net die vreemde woorde in Heb. 11:39, dié bekende hoofstuk oor geloof wat hoop. Soos nêrens elders bied dié hoofstuk 'n kykie in die hart van hoop, al vanaf vers 1. "Om te glo, is om seker te wees van wat ons hoop, oortuig van wat ons nie sien nie," vir vele steeds dié beste beskrywing wat hulle ken. Dan volg voorbeelde, opeengestapel, van helde wat met dié hoop sou lewe, só oortuig van wat hulle nie kon sien nie dat hulle gedrag daardeur geïnspireer is – ongeag wat mense sou doen of sê, ongeag spot en teenstand. Dié dat ons hulle nou so bewonder, omdat hulle óns ook moed gee. "Dis vanweë hulle geloof dat daar oor dié mense van die ou tyd met soveel lof getuig is," sê vers 2. Dan word hulle só beskryf, hoe hulle besiel deur hoop sou leef met oorgawe aan wat hulle nog nie kon sien nie – Noag, Abraham, Ragab, elke keer weer dié eienskap. Ná vele voorbeelde som Heb. 12:1 alles op en noem hulle " 'n groot skare geloofsgetuies om ons", wat vandag nog vir óns bemoedig met hulle déstydse hoop.

Maar dán die verrassende. Wat ons soms skoon miskyk. Heb. 11:39 vat alles naamlik saam en sê "hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie". Vreemd, is dit nie? Tog presies omgekeerd van wat ons sou verwag? Ons sou verwag dié helde het deur hulle geloof verkrý wat beloof is? Ons verwag immers geloof lewer resultate? Vir ons is geloofshelde tog dié wat groot dinge bereik? Hoop moet iets oplewer – dán bewonder ons sulke vertroue? By Hebreërs is sake presies andersom. Hier is hoop die vermoë om vol te hou, ter wille van wat nié gesien word nie, uit versugting en verlange – ook al breek die dag nóóit.

Hoe dikwels sug mense wat hulle lewe aan ideale gewy het nie dat hulle die vervulling seker nooit in hulle leeftyd gaan aanskou nie? Dis presies Hebreërs se punt. Dit gaan in hoop nie om die uitkoms nie maar om die uithou, nie om triomfe maar om trou, nie om vervulling maar om volharding.

In dié dae word Beyers Naudé herdenk, gebore op 10 Mei, 'n eeu gelede. Ook hý was en bly 'n simbool van hoop, soos blyk uit vele titels: My Land van Hoop (outobiografie), Resistance and Hope ('n huldiging), Met de Moed der Hoop ('n wêreldwye huldiging), Hope for Faith ('n openbare gesprek), asook die nuwe Cultivating Seeds of Hope (herinneringe van kennisse). Telkens hóóp, maar ook sý hoop was eerder Hebreërs se volhard sonder sien as verhale van sukses. Sou hy vandag nog leef sou hy stéés hoop – op wat hy nóg nie sou sien nie. Nes die vele onbekende, naam-lose, gesig-lose figure wat Heb. 11:32-40 opnoem, ná al die helde. Ons ken almal diésulkes, as ons hulle net kan hérken. Groot name herinner eintlik net aan vele onbesonge – wáre – helde. Die vele wat iets gló, daarom hóóp – en daarom elke dag doen wat hulle doen, ongeag alle swaar en seer, dikwels sónder sien. Vir kinders, vir mekaar, vir ander, net omdat hulle ómgee – en bly dróóm.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-05-09-djs-om-oortuig-te-wees-van-wat-ons-nie-sien-nie

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877